KAMMANUUS
Nommer 311 15 Augustus 2011
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Dis maar stroef en vervelig in die dooie Dohar

Dagsê julle,
Dié week so bietjie agtergrond oor hoe die nuusbrief se poslys werk, veral vir die nuwe intrekkers in Onsdorp.
Eerstens 'n baie belangrike aanwysing waarop alle lesers nuut en oud asseblief op moet let: Onderaan elke epos waarmee die Kammanuus afgelewer word, is daar twee skakels. Elkeen se epos het sy eie **unieke skakels** wat direk met net jou eie besonderhede verband hou. Hulle lyk so iets:
To change your contact details visit:
http://www.getresponse.com/change_details.html?
Indien jy dus in die aanhef van jou epos sien ek noem jou naam verkeerd soos bv. PetrusVaniekerk, sommer so aaneen en jou noemnaam is eintlik net Piet, dan moet jy asseblief op die regte skakel klik en jou besonderhede verander op my poslys. Jy kan ook jou e-posadres daar verander.
Baie van julle wat by ons aansluit kom hier aan omdat julle Onsdorp se Stamboomwebwerf besoek het. Jou naam word dan 'ou tamaties' op die nuusbriefposlys geplaas vir 'n proeftydperk. Jy het dus 'n rukkie om te besluit of jy dalk gaan bly en of jy gaan ry indien ons k'rantjie nie in jou smaak val nie. In daardie geval is daar 'n tweede skakel onderaan jou e-pos waarmee jy kan uitteken wat so lyk:
To unsubscribe visit:
http://www.getresponse.com/unsubscribe.html?
Nodeloos om te sê, meeste mense trek permanent in en binnekort sal van julle al meer as 10 jaar lank maatjies wees.
Die Stamboom-afdeling word deur Ingrid Maritz vir my behartig en sy stuur elke twee weke vir ons 'n paar uittreksels van die familienavrae en veral dié wat darem ietsie meer het as net 'n naam en e-pos. Hier is byvoorbeeld 'n navraag wat ek ontvang het en waarmee julle klomp slimkoppe daar in Duskantland of Bleekbeen-land dalk kan help.
Louis van Niekerk skryf:
Ek bedel asb. bietjie hulp in die opspoor van rekords van my Ma. Ek glo ek mag dalk geregtig wees op 'n Britse paspoort, en as sodanig, my vrou en kinders ok. My ma is op 24 Maart 1934 in Kenia in die dorp Eldoret gebore en my oupa aan vaderskant is op 2 Desember 1899 in die Kolonie gebore. O ja, my ma se nooiensvan was Scholtz en my oupa was uiteraard van Niekerk.
Louis se e-pos vir dié wat dalk raad het is: louis@wearline.co.za
Nou wonder ek net Louis, is jy dalk van plan om binnekort Engeland toe te vlug?

Dooie Doha

Hier 'n Doha is die maan al amper vol, wat beteken ons is halfpad deur Ramadaan. Ek en Kamermaatjie voel die effek van die verbanning van eet en drink gedurende die dag op twee fronte. Alle eetplekke is toe tussen sonop en sononder. Ons twee het besluit om bietjie op te vang met flieks en uiteet in die aand. So al om die ander dag jaag ek dus half-een vir die huis en dan sit ons af fliek toe. Maar wat is fliek nou sonder springmielies en Coke?! Net die eerste dag het ons droëbek deur die storie geworstel. Toe besluit ons 'n boer maak 'n plan.
Annabelle maak die springmielies by die huis, en ons smokkel dit saam met tjoklits en blikkies koeldrank in haar handsak in die fliek in. Daar is in elk geval gewoonlik omtrent niemand anders in die fliek nie en ons het die hele plek omtrent elke keer vir onsself.
Die volgende uitdaging is dan om daarna te kan oorleef tussen fliektyd en sononder. Daar is regtig nie veel om te doen as alles in elk geval toe is in Doha nie. Met 'n blokkiesraaisel en Soduko elk, gaan ons sit langs die see in die motor en wag tot die son sak en die kanonne die Iftar aankondig. Dan kry Doha weer lewe.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Ons Vreemde Wêreld

In Libanon mag mans seksueel verkeer met diere, solank die diere vroulik is. Seks met 'n manlike dier is met die dood strafbaar.

In Bahrein mag 'n manlike dokter 'n vrou se genitalië ondersoek. Hy mag egter nie direk daarna kyk nie en moet 'n spieël gebruik.
(Lyk dit anders in 'n spieël?)

In Guam is daar mans wie se werk dit is om in die platteland te reis en seks met maagde te hê. Die rede is dat 'n maagd nie daar mag trou nie.

Het jy geweet?

Mense in nudistekolonies speel meer vlugbal as enige ander sport.

Goud is die enigste materiaal wat nie kan oksideer nie, selfs al begrawe jy dit vir duisende jare.

Nul is die enigste getal wat nie in Romeinse syfers geskryf kan word nie.



Grappe teen die Franse

Die Franse, met hul swak geskiedenis in die Tweede Wêreld-oorlog, is die teiken van baie grappe:

V: Hoekom skiet hulle nie vuurwerk af in Euro Disney nie?
A: Want elke keer as hulle 'n klapper laat ontplof, is daar 'n Fransman wat oorgee.

V: Hoe sink jy 'n Franse oorlogskip?
A: Sit hom in die water.

V: Wat is die nuttigste ding in die Franse leër?
A: 'n Truspieëltjie, sodat hulle ook die oorlog kan sien.

V: Hoe stop jy 'n Franse tenk?
A: Skiet die ou wat hom stoot.

V: Hoekom is die Franse se paaie met bome beplant?
A: Want die Duitsers geniet dit om in die skaduwee te marsjeer.

Al wat ek vra is 'n kans om te bewys dat geld nie geluk kan koop nie.

As die wêreld 'n logiese plek was, sou dit mans gewees het wat met 'n sysaal perdry.

HOEKOM SÓ?

Dis nie noodwendig die reine waarheid nie, maar nogtans interessant:

V: hoekom stel X aan die einde van 'n boodskap soentjies voor?

A: In die Middeleeue, toe min mense kon lees of skryf, is dokumente dikwels met 'n X onderteken. Dit het 'n eed aangedui dat die voorskrifte in die dokument nagekom sal word. Later het die X en die kus sinoniem geword.

Die slimmes sê . . .

Kondome in nie absoluut veilig nie. 'n Vriend van my het een gedra, en toe trap 'n bus hom.
- Bob Rubin.

Daar is 'n paar dinge wat 'n vrou aanskakel. Een van hulle is 'n Mercedes 380L met'n oopslaankap.
- P.J. O'Rourke.

As jy dinge nie die eerste keer regkry nie, dan is vryval en valskermspring heelwaarskynlik nie vir jou bedoel nie.

Moenie dink jy's onvervangbaar nie, want as jy nie vervang kan word nie, kan jy ook nie bevorder word nie.

Tekens van grootword

1. Daar is meer kos as bier in jou yskas.

2. Sesuur in die oggend is wanneer jy opstaan, nie wanneer jy gaan slaap nie.

3. Jy kyk na die weerkanaal op TV.

4. Jou vriende trou en skei pleks dat hulle "ophaak" en "opbreek."

5. Jou vakansies is nou 14 dae en nie 130 dae nie.

6. Jeans en 'n T-hemp tel nie meer vir geklee nie.

7. Dis nou jy wat die polisie bel omdat die kinders langsaan se radio oordonderend hard is.

8. Jou rug word seer as jy op die rusbank slaap.

Duskantlander in Anderkantland

Sydney is 'n ontnugtering

"Melbourne het ook sy swak buurte, maar dis asof Sydney geestelik geknak is."

Deur RAY THERON

Kyk, ek het mos al die tyd geweet Osland is, nes Suid-Afrika, 'n land van kontraste, van hitte en koue, van groen velde en woestynvlaktes, van eina-mooi tonele tot skrynende aaklighede. Maar dit het my die trek Sydney toe gekos om dit ten volle te besef.

Sydney het pragtige plekke: Darling-hawe en die Parramattarivier se kronkelinge weswaarts, die baie baaitjies en inhamme wat die hele Sydney-hawe opmaak, die knus geselligheid van plekke soos Rozelle en Manly en nog vele ander.

Maar die plek kort iets. Dit het net gedeeltelik te doene met plekke soos Redfern en Cronulla en die rasse-spanninge wat 'n mens met hulle assosieer. Dit is nie net die feit dat Kings Cross 'n gevaarlike plek is nie.

Ek reken wat met Sydney skort is geestelik. Dié stad het nie dieselfde uitbundigheid, dieselfde lewenslus en sin vir alles wat die lewe uitsonderlik maak wat Melbourne het nie. Dinge gaan hier net daardie bietjie vinniger, mense is net 'n bietjie minder oop vir vreemdelinge.

In Melbourne sal jy, as jy vir 'n vreemdeling op straat glimlag, dalk veertig persent van die tyd 'n glimlag terugkry (die res van die tyd word jy met suspisie aangekyk).

Hier is die kanse skraal, tensy die ander persoon self 'n immigrant is. Anders as in Melbourne, ook, is die straatkafee-kultuur nog 'n rariteit. Melbourne se stegies wat ingepak is met koffiewinkeltjies, restourante, kroegies en wegneemkosplekkies is nog skaars hier. Daar is groot dele van die middestad waarin jy 'n goeie halfuur of langer kan stap sonder om 'n enkele kafee raak te loop, iets wat in Melbourne ondenkbaar is!

Buite die middestad van Sydney begeef jy jou in 'n wêreld van uiterstes. Ou, gegoede buurte en voorstede staan in skrille kontras met voorstede soos Mt. Druitt (waar ek deesdae bly), Campbelltown, Bankstown, Liverpool en Auburn en ander, hoofsaaklik suid en/of wes van die stad self.

Dis die buurte waar drankbottels op die sypaadjies lê, waar die (dikwels, maar nie uitsluitlik nie) Koori (Aborigene) inwoners en die "bogans" (moegoes, ghwarre, wat jy hulle ook al wil noem) mekaar van een straathoek af na 'n ander vloek en skel, waar die berugte f-woord meer as enige ander woord gehoor word, waar bende jeugdiges snags tussen die behuisingsdiens se woonstelle vullisdromme aan die brand steek, een waar bendes mekaar elke nou en dan takel.

Ironies genoeg is dit ook in hierdie buurte dat jy meer Aussie-vlae sien as in die meeste ander dele, Hier loop mans en vrouens rond met die sterre van die vlag op hul nekke, arms, skouers of bene getattoeëer, waar jy oral Aussie rugby- of kriekettruie sien en waar elke tweede bofbalpet een of ander patriotiese embleem op het.

Ons naaste inkopiesentrum is in Mt. Druitt en 'n besoek daar is altyd 'n belewenis: die plek laat my altyd wonder hoe soveel mense so onopgevoed, so oorgewig, so luid en so min gepla met alle tekens van ordentlikheid kan wees.

Kyk, Melbourne het ook sy swak buurte, maar dis asof Sydney geestelik geknak is; asof die mense hier te veel van die tyd nie verder as die volgende Jack Daniels en kola of MacDonalds kan of wil dink nie. Ek kan nie anders as om te voel dat mense hier rond nie veel plesier uit die lewe put nie, en dit het hulle afgestomp vir alles behalwe oppervlakkighede.

Hulle gun mekaar niks, het geen of min selfrespek en nog minder vir hul medemense. Ek dink soms dat Sydney baie meer soos Johannesburg is as wat 'n mens sou verwag.

Misdaad, 'n gejaag na die oppervlakkige, die skimtroos van alkohol, 'n jingoïstiese weersin in enigiets wat anders is, dis die dinge wat hier gedy.

En tog is daar die wonderlike buurte waar die stil, boomryke strate en ou huise 'n mens verwelkom, waar die lewe sinvol skyn te wees en waar 'n mens met 'n geruste hart na donker straat-af kan wandel.

Ja-nee, ek bevind my in 'n wêreld van skrille kontraste, inderdaad in die land van vreemdes!

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Vlakkies laat hom nie nooi nie

UIT:
Zoeloeland Natuurlewe-forum

Ek het 'n e-pos van 'n vriend in Zimbabwe ontvang met hierdie storie en foto. Ek dink dis genotvol!

Hulle was in 'n wildpark en terwyl hulle die eerste aand voor die vuur in die kroeg sit, loop 'n uitgegroeide vlakvark die vertrek binne. Hy het reguit na die kroegtoonbank gestap en die kroegman het, sonder om 'n woord te sê, vir hom 'n kussing gegee. Die vlakvark het die kussing gevat, dit voor die vuurherd neergesit en met sy kop op die kussing aan die slaap geraak.

Dit is waar hy glo gewoonlik koue aande deurbring, voordat hy soggens weer die pad veld toe vat.

My vriend laat weet as daar nie 'n kroegman is nie, vat die vlakvark sommer 'n kussing van een van die stoele af.

'Opstandingsfees' vir 'Lazarus'

IN LIBODE in die Transkei is daar grot fees gevier toe Sititshini Magoqwana (92) 'uit die dode' opgestaan het.

Die bejaarde het 'n asma-aanval gekry en sy bewussyn verloor. 'n Lykswa het die 'lyk' gaan optel en na die lykshuis geneem.

Daar het hy 20 uur lank doodrustig gelê voordat hy na bewering sy bewussyn herwin en om hulp begin skree het. 'n Sekerheidswag het die benoude gille gehoor en hulp ontbied.

"Ek het in my 25 jaar nog nooit so iets beleef nie," het die ondernemer gesê. "Ek het die ou man self uit die yskas gehaal. Hy was met skok en afgryse vervul, selfs erger as die mense wat die 'wonderwerk' aanskou het."

Daar is dadelik begin om 'n groot 'opstandingsfees' te hou, waarvoor baie osse geslag sou word.

(Wonder darem of daai yskas in 'n werkende toestand en aangeskakel was?)

Dansers sorg vir klub se krag

AL daai stroboskopiese ligte en hamerende, dawerende luidsprekers by nagklubs is groot gebruikers van elektrisiteit. Bar Surya in Londen het nou sy vloer toegerus met vere wat deur die dansers saamgepers word.

Die elektriese stroom wat so opgewek word, help om die klub se kragrekening te betaal.

Die klub se eienaar sê die dansvloer kan nou 60% van die klub se krag opwek.

Brood met ekstra proteïen

'N AUSTRALIESE vrou was erg ontsteld toe sy 'n lewendige muis kry in die brood wat sy pas by 'n supermark gekoop het. Hy moes deur die plastiekomhulsel geknaag het om in die brood te kom.

"Ek wou nie opgooi nie, ek wou net van die muis ontslae raak," het sy van die episode vertel. Sy het die brood na die supermark teruggeneem, maar hulle wou nie skuld aanvaar nie en het aangevoer dat die muis reeds in die brood was toe dit deur die bakkery afgelewer is.

Stamp deur taxi laat kind weer sien

DIE sewejarige Gerhard van der Merwe van Potchefstroom het baie beperkte sig met sy regteroog gehad. Hy het 'n bril met baie dik lense gedra sedert hy nege maande oud was.

Toe stap hy en sy sussie oor die straat en 'n taxi ry in hom vas en stamp hom 12 meter deur die lug - en nou kan hy al die letters op die kaart sonder 'n bril lees.

Die dokters dink sy swak sig moes weens 'n geknypte senuwee gewees het.
Nog 'n bonus is dat hy nie "saam met die stout kinders" heel voor in die klas hoef te sit nie.

Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com

'n Mens kan seker net hoop dat hy die trein se masjinis is?

KENNER

Die bejaarde egpaar het voor die TV gesit en die man het heen en weer geskakel tussen die pornografie-kanaal en 'n visvang-program.

Uiteindelik kon sy vrou haar geduld nie langer beteuel nie.

"Los dit om vaders naam op die porno-kanaal. Jy weet mos alles van visvang af!"

As jy in diep water is, is dit altyd 'n goeie tyd om jou mond toe te hou.

TOWENAAR

Dis die seuntjie se eerste dag op skool en die juffrou vra wat se werk doen sy pa.
Seuntjie: "My pa is 'n towenaar juffrou. Hy saag mense in die helfte."
Juffrou: "En hoe kry hy dit reg?"
Seuntjie: "Ek weet nie juffrou, maar op hierdie dorp het ek vyf half boeties en drie half sussies."

DAPPERHEID

V: Wat is die definisie van dapperheid en optimisme?
A: Iemand wat 'n doedelsak bespeel en 'n telefoon het."

DEFINISIE VAN HOENDERS

Die enigste dier wat jy eet voor hy gebore is en nadat hy gesterf het.

DAAR HET JY DIT!

Gatiep kyk vir oulaas na sy oorlede pel in die kis en sê:
"Dja, djy het mos nie inie hemel geglo nie en djy het okkie innie hel geglo nie. En hie lê djy nou all dressed up and nowhere to go!!

BANG, BANGER, BANGSTE

Jannie, Pietie en Gawie stry oor wie se ouers die bangste is.

Pietie: "My pa is so bang, as die weer opkom dan gaan kruip hy weg onder die bed."

Jannie: "Dis nog niks, my pa is so bang, as my ma nagdiens werk, gaan slaap hy by die bediende in haar kamer."

Gawie: My pa én my ma is weer bang vir cartoons. Hulle sit die cartoons vir ons op dan hardloop hulle kamer toe, maak die deur toe, spring onder die komberse in en lê daar en bewe, die banggatte .

ERNSTIG

Jannie was afwesig by die skool en die juffrou vra hom waar hy gister was.

Jannie: "My oupa het gebrand juffrou."

Juffrou: "Ek is baie jammer om te hoor. Is dit ernstig?"

Jannie: "Juffrou, by die krematorium vat hulle nie k*k nie!

HAGAR deur Dik Browne

SEWE Dinge wat in jou lewe sal verdwyn

1. Die Poskantoor
Hulle is so diep in die skuld en niemand skryf meer briewe nie - dis alles e-pos, Facebook, Twitter en SMS.
En omtrent al jou daaglikse pos is rekeninge en gemorspos.

2. Die tjek
Plastiese kaartjies en aanlyn-transaksies het die rekening en die skryf en pos van 'n tjek vervang - wat verder bydra tot die dood van die poskantoor.

3. Die koerant
Die jonger geslag lees net nie meer koerant nie. En wat die lees van koerante aanlyn betref: Maak jou gereed om daarvoor te betaal, of dit nou op jou rekenaar of selfoon of wat ook al is.

4. Die boek
Ek wou altyd my gunsteling-liedjies op CD hê, tot ek ontdek het ek kan die albums teen halfprys kry sonder om 'n tree te versit. Dieselfde gaan met die boek gebeur - jy kry dt op die internet teen die helfte van die prys. En sodra jou vingers oor die skerm pleks van deur 'n boek se blaaie begin beweeg en jy jou in die storie verdiep, vergeet jy skoon dat jy nie 'n gedrukte boek vashou nie.

5. Die landlyntelefoon
Onthou jy nog die ou handsentrales, plaaslyne en lang tiekies? Die wonder van kommunikasie oor lang afstande? Wel, die landlyntelefoon is nou op pad uit. Tensy jy 'n groot gesin sonder selfone het wat baie oproepe maak, het jy die gewone telefoon nie meer nodig nie. Maar jy betaal steeds duur vir daardie diens.

6. Televisie
Die netwerke se inkomste daal skerp, nie net omdat die ekonomie druk nie. Mense kyk TV en rolprente wat na hul rekenaars gestuur word. Hulle kan kies waarna hulle kyk. Sonder advertensies. En hulle speel speletjies en doen ander dinge in die tyd wat hulle gewoonlik TV gekyk het.

7. Privaatheid
Dis een van die dinge waaraan ons nostalgies sal terugdink: privaatheid. Dit bestaan reeds nie meer nie. Daar is kamera op straat, in geboue en selfs in jou rekenaar en selfoon. Hulle weet waar jy is, tot op die regte GPS koördinate en Google se Street View. Jy kry e-pos en SMS'e van mense van wie jy nog nooit gehoor het nie, maar hulle weet waar jy is.

DIE OU DAE
Toe ek 'n kind was het my ma my kafee toe gestuur met 'n R5-noot en dan het ek teruggekom met 'n sak meel, drie brode, twee liter melk, 'n dosyn eiers, een kilogram kaas, 'n hele pak lekkers en 'n groot polonie.
Jy kan dit nie meer vandag doen nie - daar's te veel sekerheidskameras!!

Deel 1

Matrieks kry hul oproepinstruksies

Ons begin vandeesweek met 'n weermagreeks waarin DIRK BOSHOFF vertel van sy opleiding en voortspruitende deelname aan die Grensoorlog in Angola.

In die vroeë tagtigs het ons as jong seuns en tieners briewe gekry dat ons weermag toe moet gaan.

Ons het oor die radionuus gehoor van soldate of terroriste wat doodgeskiet is en landmyne wat weer afgetrap is, deur mens of voertuig.

Dan was daar stories op RSG oor die grens. Onthou julle nog die ou stories *As die Naguil Roep* en *Die Strandloper* en andere.

Party van ons het uitgesien na die avontuur, ander het geswyg. Ouers het gespanne rondgestap en in matriek het ons soos alwetendes die standerd sessies rondgestuur, ontgroening gedoen en was ons "baas van die plaas". Veral as jy in die koshuis was.

Wat het ons geweet van bloed, dood en oorlog?

Maar so het ons deur die jaar briewe gekry oor waar ons ons ná matriek moes aanmeld vir diensplig. Diensplig was verskillend ervaar deur verskillende jong seuns. Ons was maar 18 of 19 jaar oud. Wat het ons geweet van dood, bloed en oorlog?

Party jong manne sê die army was 'n jol, want hulle was nie fisies op die grens nie maar in kantore betrokke.

Maar so het ons deur die jaar briewe gekry oor waar ons ons ná matriek moes aanmeld vir diensplig. Diensplig was verskillend ervaar deur verskillende jong seuns. Ons was maar 18 of 19 jaar oud. Wat het ons geweet van dood, bloed en oorlog?

Party jong manne sê die army was 'n jol, want hulle was nie fisies op die grens nie maar in kantore betrokke.

Daaar was ook seuns wat op die grens was, soos by Mpacha, waar met brandweervoertuie rondgejaag het, hulself dood verveel het en nie eers agtergekom het dat hulle op die grens was nie. Hulle het dit ook as 'n "jol" gesien.

Ek was in die lugmag op die grens by Mpacha, Katima Malilo, Ondangwa, Enana, Opowa en Oshakati. My grensdiens was in 14 maande verdeel. Sekere plekke was 'n jol, maar harde werk. Ander plekke het ek met lyke gewerk, 'n vrou wie se bene deur 'n landmyn vergruis was, 'n vegvliegtuig wat geval het nadat dit met 'n SAM 7 afgeskiet is en meer.

Vir my was dit anders as vir dié wat nooit 'n lyk gesien het, of iemand wat langs hom sterf nie. Daarom was dit vir sommiges 'n jol. So het onderwysers na hul studies 'n volle salaris verdien in hul diensplig.

Daar was ook die soldate wat fisies in kontak was, in die spervuur gebid het dat vegvliegtuie hul redding sal wees, waar hulle mense moes doodskiet of self geskiet sal word.

Vriende wat langs hom sterf, en ouers wat hul kinders moes begrawe en vandag vergete is deur die regering en andere van die dag.

Diensplig het sy positiewe en negatiewe gehad, hang af hoe die pad jou gelei het in die twee jaar.

VOLGENDE KEER: Aankoms vir opleiding.

UITERSTE ARMOEDE

Toe ek klein was, was ons so arm:

- As ons gaan aansit by die tafel, dan het my pa vir ons uit die "Kook-en-Geniet" gelees.
- As ek nie 'n seuntjie was nie het ek niks gehad om mee te speel nie
- My pa het ons Vrydae aande KFC toe gevat om ander mense se vingers af te lek
- My pa het saans vir ons spookstories uit sy tjekboek gelees...
- Ons moes op die gras bollie sodat die skelms kon dink ons het groot honde.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #13

NASIONALE POEDING

2 k meelblom 2 e bakpoeier
½ t sout 2 e botter
2 eiers

Metode

Sif die droë bestandele en vryf die botter met die vingertoppe in. Maak met die geklitste eiers tot in stywe deeg aan.
Rol die deeg ongeveer 'n kwartduim dik in 'n langwerpige vorm uit. Smeer konfyt oor en rol dit op.
Plaas die rol in 'n diep gesmeerde skottel en gooi die volgende stroop daaroor en bak ongeveer 'n halfuur.

Stroop

Kook saam: 2½ k kookwater, 1½ k suiker, 2 lemoene skil gerasper en sap.

BROODPOEDING

1 k broodstukkies ½ k stroop
2 k melk ¼ k rosyne
¼ t sout ¼ t neut
1 e gesmelte botter 3 eiers (goed geklits)

Metode

'n Dag oue brood. Sny in halfduim blokkies. Plaas in 'n bakskottel of 6 vla-bakkies. Meng eiers, sout en botter en roer die melk en eiers daarby. Gooi oor brood geprinkel met neut.
Plaas die bakskottel of vla-bakkies in 'n pan warm water en bak in oond (350°F) vir ongeveer 'n uur of totdat 'n silwer lepel wat in die deeg gesteek word skoon uitgetrek kan word.

STAMBOOM

COETSER pretoriusm@amplat.co.za
Ek is 'n nooi Coetser, en my pa kom oorspronklik van die Verre Noord-Transvaal (glo dit is vandag Limpopo) Vaalwater, Alldays. Is daar dalk nog van sy familie daar?

SOLOMONS judy.solomons@trade-link.co.za
Kan iemand dalk help, ek wil net weet waarvandaan kom die familienaam?

VAN DER WATH watha@lantic.net
Inligting oor Van der Wat, van der Watt en Van der Wath so vreeslik waardeer word.

EKRON rekron@cancercare.co.za
Ons van was eers MacAkron as ek reg onthou en het toe met die jare verander na Ekron. Ken julle dalk Ekrons?

BOTHA deonghb@gmail.com
Ander vanne waarin ek ook belangstel: Van Niekerk, Van Der Sandt, en Potgieter.

Hoe die toi-toi ding regtig werk:

Die voorste klomp skree almal:
"We want equal rights!"

Die middelste klomp hoor nie mooi nie en skree:
"We want electric lights!"

Die agterste klomp het geen idee waaroor dit gaan nie en skree:
"We want big corn bites!"

En so weet niemand wat hulle eintlik wil hê nie!

SPEELTYD

Die seuntjie vra sy ma: "Mamma, kan ons bietjie speel?"

Sy ma vra wat wil hy graag speel en hy sê: "Ag, kan ons asseblief speel ek is pappa?" Sy vra hoekom, maar hy hou aan met soebat totdat sy instem.

Die seuntjie vat haar hand en loop gang af tot in die kamer. Hy beveel sy ma om haar skoene uit te trek en op die bed te gaan lê.

Sy ma se senuwees wil ingee en sy besef hier kom 'n ding.

Die seuntjie trek sy skoene ook uit en gaan lê op sy pa se plek.

Sy ma vra senuweeagtig: "Nou wat nou?" Hy antwoord: "Ag vrou, kan ons nie maar vir die kind 'n BMX-fiets koop nie?"

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Die verlange na ouma se mieliepap

"Ai, vakansietyd was mieliepaptyd. Met kaas. Of biltong. Of 'n klontjie botter en suiker."

Vakansies op oupa se plaas was, en is steeds, vir my sinoniem met wat in die kombuis gebeur het. Selfs al is dit nie meer ons familieplaas nie, is my eerste gedagte altyd gesnoer rondom wat binne die fondasie van die karige plaashuis gebeur het.

Een so 'n herinnering is dié van mieliepap. Wat tydsaam staan en prut het op die stoof. Die elektriese stoof meeste van die tyd, omdat die Dover nog nie so vroeg in die oggend vuur in sy pens gehad het nie.

By ma het ons nie mieliepap gekry nie. Die gejaag om betyds die bus te haal het nie voorsiening gemaak vir pruttyd nie. En die enkele kere wat ma sommer die mieliepap in die mikrogolfoond gemaak het, wou ek nie lelik wees nie, maar dit was maar net nie ouma se pap nie.

Spierwitte mieliepap in ou dae se borde. Met 'n klontjie botter en baie suiker. Nie melk nie, dankie, ouma. En as daar kaas was, 'n klein hopie, elkeen se afgemete deel, as 'n ekstratjie. Dan het ek die kaas ingeroer en gekyk hoe dit draadjies trek na my lepel toe. En ek het geëet asof dit uit die mode sou raak.

Wintertyd het oupa met sy Lambsfoot-knipmes papierdun stukkies biltong skuins voor ete sit en kerf. En elke kleinkind se afgemete deel is op 'n kleinbordjie gesit. Om daarmee te maak wat jy wil. Net so in die kies gestop. Op die geel plaasbotter op 'n mildelike sny plaasbrood gerangskik. Of ingemeng in die mieliepap.

Ai, vakansietyd was mieliepaptyd. Met kaas. Of biltong. Of 'n klontjie botter en suiker.

Ek onthou een jaar was daar 'n misoes en het die wit mielies nie die verbruiker bereik nie. In plaas van die sysagte, spierwit pap in die bord, het ouma verskonend gekyk na die growwe, geel kooksel.

En het ons neus opgetrek! Dermate dat ouma maar hawermout gekook het vir die res van die vakansie.

Ai ouma, vandag sit ek nie my mond aan fyn, wit mieliepap nie.

Ek loop draaie en ompaaie om 'n growwe geel polenta meel in die hande te kry. Maar ouma, ek eet dit steeds met kaas. En oupa, soms is daar biltong ook by.

En dan verlang ek so na julle, dat my hart pyn en my trane net wil loop.

(Adri het die storie in Egafrikaans opgespoor en aangestuur.)

SÓ SKENK JY VIR DIE YADE-TEHUIS

Daar kom gereeld bydraes van ons lesers in vir die ouetehuise in Bloemfontein.
Lesers wat by Onsdorp/Kammanuus se aksie wil aansluit – eenmalige skenkings of 'n maandelikse aftrekorder - kan dit só doen:

Eerste Nasionale Bank - Stilfontein
Hennie Greeff - BOB Spaarrekening
Rekeningnommer - 60379199926
Takkode - 240538

Die volgende KAMMANUUS verskyn eers weer op 5 SEPTEMBER